Wêreldbiddag vir Vroue op 4 Maart 2011

TEMA: "Hoeveel broodjies het jy?"

Die program vir 2011 se Wêreldbiddag vir Vroue is voorberei deur die komitee van die Vroue Wêreldbiddag van Chile. In Suid-Afrika sal dit die 81ste Wêreldbiddag vir Vroue wees. Die notas wat hier volg, dien ter uitbreiding van die gedrukte program met die tema: **"Hoeveel broodjies het jy?"**

As Skrifteks word daar in die program aangesluit by **Markus 6:30-44**

INLEIDENDE ILLUSTRASIE

Clovis Chappell verwys in sy boek "*Feminine Faces*" na die volgende verhaal. Tydens 'n opgrawing in Pompeii het argeoloë op 'n liggaam afgekom wat behoue gebly het in die as van die bekende vulkaan Vesuvius. Dit was die liggaam van 'n vrou wat besig was om te vlug vir haar lewe. Wat hierdie toneel anders gemaak het as die soveel ander wat daar gevind was, is die posisie waarin hierdie vrou gevind was. Haar voete was oppad na die stad se poort toe, weg van die vulkaan af, maar haar gesig het terug gekyk na iets anders. Haar hande was soekend uitgestrek na 'n sak pêrels wat, nie ver van haar af nie, op die grond geval het. In haar stryd om haar eie lewe, het hierdie vrou die duurste prys betaal vir iets wat sy geglo het te kosbaar sou wees om agter te laat.

EKSEGETIESE AGTERGROND

Die evangelie van Markus verskil van die ander evangelies in dié opsig dat hierdie evangelie amper "kinderlik" voorkom met min breedvoerige verklarings of ekstra tierlantyntjies. Markus vertel die narratief van Jesus se lewe op aarde so eenvoudig dat selfs 'n kind dit kan verstaan. Dit het egter ook, soos Petrus sou skryf oor Paulus se briewe in 2 Petrus 3:16, 'n onverstaanbare element wat soms moeilik kan wees om te begryp. Die evangelie van Markus kan as't ware vergelyk word met 'n blink poel water, wat amper altyd baie dieper is as wat dit lyk.

Alhoewel ons nie seker kan wees oor die datering van hierdie evangelie nie, is meeste teoloë van mening dat dit heel moontlik na die groot brand in Rome (64nC) sou ontstaan het tydens die vervolging van gelowiges in daardie gemeenskap. Die evangelie sou moontlik kon dien as antwoord op die krisis wat die kerk in Rome beleef het. Markus kon dus al die inligting wat hy rakende Jesus van Nasaret gehad het tydens hierdie tyd (60-70nC), saamgevoeg het om 'n narratief te vorm oor die Seun van God as 'n lydende Kneg.

Daar is sewe bewegings wat mens kan onderskei in die evangelie van Markus. Dit is nie 'n biografie van Jesus se lewe nie, maar eerder 'n vertelling van die groter reddingsplan wat God vir die mens bewerk het deur die leer en lewe van Sy seun, Jesus Christus. In hoofstuk agt vind ons 'n dramatiese keerpunt in hierdie verhaal, wanneer Jesus dit duidelik maak dat Hy as lydende kneg hierdie reddingsplan sal bewerkstellig. Ons kan dus kortliks, die evangelie onder hierdie makro-narratiewe indeel, nl.

I. Inleiding (1:1-13)
II. Die vroeë Galiese bediening (1:14-3:6)
III. Die latere Galiese bediening (3:7-6:13)
IV. Die pad uit Galilea (6:14-8:30)
V. Die reis na Jerusalem (8:31-10:52)
VI. Die bediening in Jerusalem (11:1-13:37)
VII. Die passie en opstandingsnarratief (14:1-16:8 [9-20])

Markus 6:30-44 maak dus deel uit van die evangelie se reis na Jerusalem vanuit Galilea. Die apostels word tydens hierdie fase "geskool" deur Jesus in leer en lewe. Dit is as't ware 'n blomtydperk vir die evangelie, daar is geen keer aan die boodskap van Jesus nie, dit versprei soos 'n veldbrand.

STRUKTUELE ONTLEDING

Die vermeerdering van die brood speel uiteraard 'n belangrike rol in die evangelie van Markus. Dit begin met 'n uitgebreide inleiding (6:35-38), wat nie eie aan Markus se skryfstyl was nie. Markus verwys ook by twee geleenthede (6:52; 8:17-21) terug na hierdie gebeure. Dit word ook opgevolg, of selfs beklemtoon, deur 'n tweede vermeerdering van die brood (8:1-10).

Dit volg moontlik op die vertelling van Herodes se feesmaal, om 'n duidelike kontras te skep tussen die selfsugtige, onversadigbare soeke van die goddelose en die eenvoudige voedingswaarde van die evangelie wat deur Jesus Christus gebring word, aan 'n menigte.

AANVULLENDE OPMERKINGS RAKENDE MARKUS 6:30-44

In Pompeii het 'n doodgewone vrou net soos ek en jy een oggend wakker geword sonder dat sy ooit kon weet dat daardie oggend die laaste oggend van haar lewe sou wees. Toe Vesuvius uitgebars het, het sy soos soveel ander mense alles gegryp wat sy kosbaar geag het en probeer om te ontsnap van die vuur en as wat die stad later heeltemal sou insluk. In die chaos het sy moontlik 'n sakkie pêrels laat val en in haar stryd om hierdie sakkie pêrels weer op te tel, is sy in daardie posisie vasgevang vir 'n ewigheid.

Ek wonder soms wat sou gebeur as ons moes kies tussen twee uitnodigings wat in die pos na ons toe kom. Die eerste is 'n vriend wat ons nooi om saam met 'n paar ander vriende na 'n preek te gaan luister in 'n parkie. Die tweede is 'n formele uitnodiging om saam met die president, of dalk iemand meer bekend, te gaan aansit by 'n vyf-gang maaltyd in Sun City. Vir meeste van ons is die keuse eenvoudig. Ek kies vir mag, geleentheid en prestige. Dit is tog 'n eens in 'n leeftyd geleentheid.

Markus gee vir ons egter 'n ander perspektief op hierdie gedagtegang van soveel mense. In 'n wêreld van meer is beter, in 'n wêreld van kry meer, behaal meer, koop meer, kom gee hy vir ons 'n ander moontlikheid. Markus laat ons inloer by so 'n magspartytjie in die voorafgaande gedeelte (6:17-29) en ons word dadelik bewus dat die menslike soeke na mag en eer eintlik net leë beloftes inhou. Selfs die groot koning Herodes moes dit op 'n swaar manier te wete kom.

Maar hoe dan nou gemaak? As dit nie die sleutel tot vreugde en vrede is nie, wat behoort 'n mens se ingesteldheid dan te wees? Markus skryf oor een van Jesus se wonderwerke met die hoop dat ek en jy iets hierin sal raaklees oor die wyse waarop God 'n mens se behoeftes direk aanspreek en op so 'n wyse dat ons nie nog soek en vra nie, maar werklik versadig kan word in Sy genade.

In vers 34 kyk Jesus na die menigte mense voor hom en kry hulle innig jammer. Dit is opvallend dat mens amper hier weer herinner word aan die volk wat agter die Heer moes aanloop in die woestyn (*erēmos*). Markus bevestig hierdie gedagte wanneer Jesus hierdie mense beskryf as 'n menigte sonder 'n herder. Net soos die volk vroeër herderloos gesoek het na die Here in die woestyn, soek hierdie menigte ook na hoop. Dit is veilig om te sê dat Jesus vandag net so na ons wêreld sou gekyk het. Herderloos en bejammerenswaardig. As ek eerlik met myself is, voel ek self ook in my eie lewe so baie keer net so doelloos en leeg. Die wonder is egter dat Jesus, ten spyte van die feit dat Hy en die Apostels moeg was (6:31), tog besluit om vir die menigte 'n heenkome te gee. Die eerste merkwaardige gebeure is dus:

(a) God sien my nood.

Daarna gebruik Jesus wat tot hulle beskikking was om die mense te voed. Soveel keer gebeur dit dat ons ook onsself blind staar teen die menslike grense. Here, daar is nie genoeg geld nie, daar is nie genoeg mense nie, daar is nie genoeg geleentheid nie. Jesus vra nie die apostels om nuwe hulpbronne te genereer nie, maar slegs wat hulle tot hulle beskikking het. Nadat hulle dit wat hulle het vir hom bring, verskaf hy die res. God vra jou ook nie wat jy dink nodig is nie, maar slegs dat jy na Hom toe sal kom met als wat jy tot jou beskikking het.

(b) God transendeer menslike grense.

In vers 42 gebeur die wonder dat elkeen van hierdie menigte genoeg gekry het om te eet. Soveel so dat daar selfs twaalf mandjies oorgebly het. Hierdie gedeelte moet gesien word in die lig van Markus 6:26 waar 'n Koning van die aarde verslae gestaan het aan die einde van sy aardse feesmaal en 'n menigte gewone mense in Markus 6:42 versadig was by die goddelike feesmaal. Dit wat ek en jy dink "genoeg" sal wees vir ons, laat ons baie kere net nog meer honger en dors. Slegs God kan ons honger stil en ons dors vir ewig les.

(c) God is genoeg ook vir my.

In Pompeii het 'n doodgewone vrou net soos ek en jy een oggend wakker geword sonder dat sy ooit kon weet dat daardie oggend die laaste oggend van haar lewe sou wees. Toe Vesuvius uitgebars het, het sy soos soveel ander mense alles gegryp wat sy kosbaar geag het en probeer om te ontsnap van die vuur en as wat die stad later heeltemal sou insluk. In die chaos het sy moontlik 'n sakkie pêrels laat val en in haar stryd om hierdie sakkie pêrels weer op te tel is sy in daardie posisie vasgevang vir 'n ewigheid. Hoe lank moet ek en jy nog terugkyk na die sakkies op die grond voordat ons die feesmaal van die koninkryk van God sal begryp en aansit?

DS VANWYK en ANINE FISCHER

NG GEMEENTE SILVERTONKRUIN